

Blomme by die teegoeed

Met 'n teekleedjie soos dié is blomme op die tafel nie regtig nodig nie. Dit is self vol in die blom! 'n Groot aantal blommotiewe is aanmekaar gelas om 'n heel besondere kleedjie te vorm

BENODIGDHEDE

6 bolle Tridalia-hekelgaring nr. 8 van 50 g; hekelpen 1,25 mm.

GROOTTE

Motief: 16 cm.
Kleedjie: 75 x 90 cm.

AFKORTINGS

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; gs — glijpsteek; sp(s) — spasië(s); ls(e) — lus(se); herh — herhaal; vlge — volgende.

MOTIEF

(maak 30)

Met 1,25-mm-hekelpen maak 8 ks en gs om sirkel te vorm.

1e Rondte: 3 ks, 23 lb in sirkel en eindig met gs in 3e van 1e 3 ks.

2e Rondte: 1 kb in dieselfde plek as gs, * 10 ks, 1 kb in 7e ks vanaf pen, 3 ks, slaan 2 lb oor, 1 kb in vlge lb. Herh vanaf * nog 7 maal en eindig met gs in 1e kb.

3e Rondte: gs in elk van vlge 3 ks, gs in vlge kb, in vlge ls werk 1 kb, 3 ks, 6 lb, 2 ks en 7 lb; in elk van vlge 6 lse werk 7 lb, 2 ks en 7 lb en eindig met gs in 3e van 1e ks aan begin van rondte.

4e Rondte: gs in elk van vlge 6 lb, * 1 kb in vlge 2-ks-sp, 10 ks, slaan vlge 14 lb oor. Herh vanaf * nog 7 maal en eindig met gs in 1e kb.

5e Rondte: in vlge 10-ks-sp werk 1 kb, 3 ks, 9 lb, 2 ks en 10 lb, in elk van vlge ks-sps werk 10 lb, 2 ks en 10 lb en eindig soos voorheen.

6e Rondte: gs in vlge lb, 4 ks, * (slaan vlge lb oor, 1 lb in vlge lb, 1 ks) 4 maal, in vlge 2-ks-sp werk (1 lb en 1 ks) twee maal, 1 lb in vlge lb, (1 ks, slaan vlge lb oor, 1 lb in vlge lb) 4 maal, slaan vlge 2 lb oor, 1 lb in vlge lb, 1 ks. Herh vanaf * nog 7 maal en eindig met gs in 3e van 4 ks aan beg van rondte.

7e Rondte: gs in vlge ks en glijp in vlge lb, 4 ks, * (slaan vlge ks sp oor, 1 lb in vlge lb, 1 ks) 4 maal, in vlge ks-sp werk (1 lb, 1 ks) 2 maal, 1 lb in vlge lb, (1 ks, slaan vlge ks-sp oor, 1 lb in vlge lb) 4 maal, slaan vlge ks-sp, vlge 2 lb en vlge ks-sp oor, 1 lb in vlge lb, 1 ks. Herh vanaf * en eindig soos in 6e rondte.

8e en 9e Rondtes: soos 7e rondte.

10e Rondte: gs in vlge ks-sp, 3 ks, * 1 lb in vlge lb, (2 lb in vlge sp, 1 lb in vlge lb) 4 maal, in vlge ks-sp werk 1 lb, 2 ks en 1 lb,

1 lb in vlge lb, (2 lb in vlge ks-sp, 1 lb in vlge lb) 4 maal, 1 lb in vlge ks-sp, slaan vlge 2 lb oor, 1 lb in vlge ks-sp. Herh vanaf * en eindig met gs in 3e van ks aan beg van rondte. Heg af.

BINNESTE VULMOTIEF

(maak 20)

Werk vir 4 rondtes soos vir motief. Heg af.

BUITENSTE VULMOTIEF

(maak 18)

Hekel 3 rondtes soos vir motief.

4e Rondte: (gs in elk van vlge 6 lb, gs in elk van vlge 2 ks, gs in elk van vlge 6 lb, slaan 2 lb oor) 3 maal, gs in elk van vlge 6 lb, (1 kb in vlge ks-sp, 10 ks, slaan vlge 14 lb oor) nog 3 maal, 1 kb in vlge ks-sp, gs in elk van vlge 6 lb, en eindig met gs in 1e gs.

Heg af.

Las motiewe en vulmotiewe soos volg: Plaas 4 motiewe rondom binneste vulmotief, soos op foto.

Verbindingsrondte: met RK na voor, heg garing aan 2-ks-sp in 10e rondte

van enige van 4 motiewe, plaas nou 10 ks van 4e rondte van vulmotief op ste van 10e rondte van motief en werk ste van motief en ks van vulmotief gelykertyd, 1 kb as las, 1 kb in elk van vlge 15 lb van 1e motief, 1 kb in vlge kb van vulmotief, 1 kb in elk van vlge 15 lb van 1e motief, 1 kb in vlge 2-ks-sp van 1e motief, 1 kb in vlge kb van vulmotief, (1 kb in vlge 2-ks-sp van vlge motief, 1 kb in elk van vlge 15 lb van motief, 1 kb in vlge kb van vulmotief, 1 kb in elk van vlge 15 lb van motief, 1 kb in vlge 2-ks-sp van motief, 1 kb in vlge 2-ks-sp van motief, 1 kb in vlge kb van vulmotief) nog

2 maal, en eindig met gs in 1e kb.

Heg af. Verbind alle ander motiewe en vulmotiewe op dié wyse.

Motiewe vir teekleedjie moet 6 x 5 wees.

Plaas buitenste vulmotiewe buite om kleedjie soos volg: plaas kante met ks van 4e rondte van vulmotief op lb van 10e rondte aan 2 ooreenstemmende motiewe, maar laat 3 punte van buitenste vulmotief aan buitekant.

Verbindingsrondte: met RK na voor, heg garing aan 2-ks-sp van verbindings-

kant op 10e rondte van 1e van 2 motiewe, werk lb van motiewe en ks van vulmotief tesame, 1 kb in kb vir las, 1 kb in elk van vlge lb van 1e motief, 1 kb in vlge kb van vulmotief, 1 kb in vlge 2-ks-sp van 1e motief, 1 kb in vlge 2-ks-sp van 2e motief, 1 kb in elk van vlge 15 lb van 2e motief, 1 kb in vlge kb van vulmotief, 1 kb in elk van vlge 15 lb van 2e motief, 1 kb in vlge 2-ks-sp van 2e motief. Heg af. Werk ander 17 buitenste vulmotiewe op dieselfde wyse.

ROOI ROSE, 7 November 1979

103

